



Beleid en procedures: Akkommoderings

BELEID EN PROSEDURES VIR AKKOMMODERINGS**1. BELEID**

- 1.1 Ooreenkomstig die Konstitusie en die beleidsriglyne vir onderwys mag leerders met sekere permanente of tydelike fisieke probleme of intrinsiek-spesifieke probleme aansoek doen vir akkommodering.
- 1.2 Die doelstelling van die IEB is om 'n akkurate peiling van elke leerder se kennis en vaardighede te bekom.
- 1.3 Eksamen-akkommoderings word toegestaan om kandidate met spesifieke struikelblokke tot die leerproses in staat te stel om hul ware vermoë in die eksamen te demonstreer sonder dat die vorm van die assessering verander moet word.
- 1.4 Leerstruikelblokke is betekenisvolle langtermynprobleme wat eksamenprestasie kan benadeel.
- 1.5 Akkommoderings moet nie aan 'n leerder enige voordeel bo ander kandidate gee nie.
- 1.6 Die IEB sal na sy volstrekte goeddunke aansoeke van leerders wat struikelblokke tot die leerproses ervaar, oorweeg. Volgens die beleid berus die besluit of die akkommodering toegestaan sal word by die IEB en sy akkommoderingspaneel en nie by die praktisyn wat die assesserings uitgevoer het, of by die skool nie.
- 1.7 Daar kan slegs een keer binne 2 maande na ontvangs van 'n akkommoderingsbesluit teen die oorspronklike besluit geappelleer word. Slegs die oorspronklike aansoek word oorweeg in die appèl: geen addisionele inligting word oorweeg nie. Die IEB behou die reg voor om verdere toetse aan te vra.
- 1.8 Die IEB is bewus daarvan dat 'n leerder se akkommoderingsbehoefte met verloop van tyd kan verander en daarom kan 'n nuwe aansoek 18 maande of langer na ontvangs van die oorspronklike besluit ingedien word, met dien verstande dat die oorspronklike aansoek voor Meimaand van die Graad 10-jaar ingedien is.
- 1.9 Let asseblief daarop dat die wagtydperk soos in 1.8 nie van toepassing is op mediese toestande nie.
- 1.10 Kognitiewe funksionering is 'n komponent van die assessering wat voltooi word vir die doeleindes van akkommoderingsaansoeke. As sodanig word die kognitiewe profiel van die leerder, soos aangedui deur die goedgekeurde gestandaardiseerde kognitiewe assessering (die SSAIS-R, die WISC-IV (VK) of vir leerders ouer as 16 jaar 11 maande, die WAIS-III/IV (VK)), oorweeg by die verlening van akkommoderings.
- 1.11 Akkommoderings word spesifiek verleen vir leerprobleme. Akkommoderings word nie toegestaan nie waar die primêre probleem te doen het met die taal van leer, onderrig en assessering omdat die taal nie die huistaal van die leerder is nie.
- 1.12 Dit is die skool se verantwoordelikheid om die IEB se Beleid en Prosedures vir Akkomoderings aan beide die assesseringsielkundige en die ouer/voog te besorg.
- 1.13 Dit is die skool se verantwoordelikheid om al die dokumentasie wat benodig word volgens die IEB-beleidsdokument in te dien. (Sien Vorm B)

2. STRUIKELBLOKKE TOT LEER WAARVOOR 'N AKKOMMODERING TOEGESTAAN KAN WORD

Afhangend van die graad van die huidige probleem is die volgende opsies moontlik na die IEB se goeddunke:

Strategie	Visuele hindernisse/ swak sig/ kleurblindheid	Doofheid/Hardhorendheid	Fisieke struikelblokke	Leerprobleme	Gedrag/Angstigtheid/ADD/ADHD/Outisme/Psigiatriese verstorings	Ander mediese toestande
Addisionele tyd	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Amanuensis				✓	✓	
Braille	✓					
Rekenaar	✓		✓	✓	✓	✓
Vergrote druk	✓					
Handskrif			✓	✓	✓	✓
Medikasie/kosinnam						✓
Praktiese assistent	✓	✓	✓		✓	✓
Voorsêer			✓		✓	✓
Leser	✓			✓	✓	
Rusperiodes			✓		✓	✓
Skrywer	✓		✓	✓	✓	✓
Aparte lokaal	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Spesifieke toerusting	✓	✓	✓			✓
Spelling				✓	✓	

Neem asseblief kennis dat alle akkommoderings vir aparte lokale vereis dat 'n opname van die eksamensessie gemaak moet word en saam met elke eksamenskrif ingehandig moet word.

2.1 Addisionele Tyd

'n Addisionele vyf, tien of vyftien minute per uur van die eksamen word toegestaan aan die leerders.

2.2 Amanuensis

'n Amanuensis is 'n persoon wat lees en skryf vir die leerder. Die volledige eksamen moet opgeneem word en 'n kopie van die opname moet saam met die antwoordboek ingehandig word. 'n Aparte lokaal word benodig vir hierdie akkommodering.

2.3 Braille

Indien die leerder onderrig ontvang het in Braille, kan eksamenvraestelle in Braille verskaf word.

- 2.4 Rekenaar
'n Leerder mag 'n rekenaar gebruik om sy/haar antwoorde in getikte vorm aan te bied. Toegang tot 'n drukker is noodsaaklik. 'n Aparte lokaal is nodig vir hierdie akkommodering.
- 2.5 Vergrote druk
Vergrote druk kan versoek word om 'n eksamenvraestel meer toeganklik vir die leerder te maak.
- 2.6 Handskrif
'n Handskrif-akkommodering beteken dat 'n plakker op elke eksamenskrif van die leerder geplak word. Dit dui aan dat onnet handskrif akkommodeer moet word.
- 2.7 Medikasie/Voedselinname
'n Leerder mag dit dalk benodig om gedurende die eksamen medikasie te neem of om toegang te hê tot kos of drinkgoed om bloedsuikervlakke konstant te hou en lae bloedsuiker te behandel. Daar moet ook vir rusperiodes aansoek gedoen word vir hierdie akkommodering. 'n Aparte lokaal sal gewoonlik benodig word indien hierdie akkommodering toegestaan word.
- 2.8 Praktiese Assistent
'n Praktiese assistent akkommodeer 'n leerder se spesifieke behoeftes om te verseker dat hy/sy 'n eksamen kan voltooi. Byvoorbeeld, 'n leerder in 'n rystoel mag dalk 'n praktiese assistent benodig tydens 'n praktiese eksamen en 'n kleurblind leerder kan dalk 'n praktiese assistent benodig tydens Aardrykskunde Vraestel II. Die toepaslike bystand moet verleen word sonder dat die praktiese assistent met die leerder in gesprek tree. 'n Aparte lokaal is nodig vir hierdie akkommodering.
- 2.9 Voorsêer
'n Voorsêer mag 'n leerder wie se aandag maklik dwaal, help om weer te fokus. Dit kan verbaal of fisies gedoen word. 'n Aparte lokaal word benodig vir hierdie akkommodering. Die voorsêer mag nie inmeng met die leerder se antwoorde in die eksamen nie.
- 2.10 Leser
'n Leser lees alle teksgedeeltes in 'n vraestel aan 'n leerder. Die leerder mag versoek dat dele van 'n teks herlees moet word. 'n Aparte lokaal word benodig vir hierdie akkommodering. Die volledige eksamensessie moet opgeneem word en 'n kopie van die opname moet saam met die antwoordboek ingehandig word.
- 2.11 Rusperiodes
'n Rusperiode is 'n tydjie wanneer 'n leerder nie by sy/haar lessenaar hoef te sit nie, maar in die eksamenlokaal moet vertoef. Rusperiodetyd tel nie as ekstra skryftyd nie. Die rustydperk wat gebruik word, sal toegevoeg word tot die eksamensessie. 'n Aparte lokaal word vir hierdie akkommodering benodig.
- 2.12 Skrywer
'n Skriba/skrywer skryf verbatim neer wat die leerder voorsê. 'n Aparte lokaal word vir hierdie akkommodering benodig. Die volledige eksamensessie moet opgeneem word en 'n kopie van die opname moet saam met die antwoordboek ingehandig word.

- 2.13 **Aparte lokaal**
'n Aparte lokaal is 'n stil omgewing weg van die hoofksamensentrum. Die gebruik van 'n aparte lokaal is om die individuele leerder te help of om moontlike steuring van die ander leerders te verhoed.
- 2.14 **Spesifieke toerusting**
Die IEB moet in kennis gestel word van enige spesifieke toerusting wat benodig word. In omstandighede waar die gebruik van sodanige toerusting ander leerders kan steur, mag 'n aparte lokaal aangevra word.
- 2.15 **Spelling**
'n Spellingakkommodering word toegeken wanneer daar 'n beduidende verskil tussen die werklike ouderdom en die spelouderdom van die leerder is en die leerder se vermoë om homself/haarself voldoende uit te druk, dus gekompromitteer word. 'n Spellingplakker word op elk van die leerder se antwoordsboeke geplak. Die nasieners moet dus die spelling ignoreer solank die geskrewe woorde foneties korrek is. Die spellingakkommodering is egter nie van toepassing op Vraestel I in taalvraestelle waar spelling deel vorm van die inhoudskennis wat vereis word op Graad 12-vlak nie.
- 3.16 **Ander**
Die IEB sal unieke gevalle wat nie hierbo genoem is nie, oorweeg.

3. PROSEDURES VIR AANSOEKE

- 3.1 Die toepaslike fooi moet die aansoek vergesel.
- 3.2 Skole moet kopieë hou van alle aansoeke.
- 3.3 Dit duur ongeveer 12 weke na ontvangs deur die IEB om die aansoeke te verwerk. Dit sluit besige tye en die einde van die jaar uit.
- 3.4 Aansoeke vir akkommoderings vereis 'n holistiese profiel van die leerder. Om die spoedige prosessering van die aansoek te verseker verwys asseblief na die tabel hieronder en verskaf alle vereiste dokumentasie.

Leer-struikelblok	Psigo-opvoedkundige assessering	Mediese verslag	Ondersteunende historiese bewyse	Onderwyser se opmerkings	Skoolrapport	Skoolvoorbeelde
Visuele struikelblokke, swak sig en kleurlindheid		✓	✓	✓	✓	
Doofheid en hardhorendheid		✓	✓	✓	✓	
Fisieke struikelblokke		✓	✓	✓	✓	✓
Leerprobleme	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Gedrag, angstigheid, ADD/ADHD, outisme, psigiatriese ongesteldhede	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Ander mediese omstandighede		✓	✓	✓	✓	

- 3.5 Psigo-opvoedkundige assessering:
Volledige psigo-opvoedkundige assessering wat die leerstruikelblok deeglik beoordeel sowel as 'n omvattende kliniese geskiedenis word benodig.

Die battery van toetse moet die volgende insluit:

3.5.1 'n Kognitiewe assessering

Die sielkundige mag vanuit die volgende kies: die SSAIS-R, die WISC-IV (VK) of die WAIS-III/IV (VK). Die CAS mag gebruik word om die bevindings van die kognitiewe assessering te ondersteun.

Neem asseblief kennis dat die SSAIS-R beskikbaar is in Engels, Afrikaans, Zulu, Xhosa en Setswana. Indien die SSAIS-R gebruik word, moet die addisionele sub-toetse (kodering en geheue vir syfers) ingesluit word.

Die kognitiewe assessering moet voor die einde van Oktober van die Graad 11-jaar deur 'n geregistreerde sielkundige uitgevoer word.

As die kognitiewe assessering in Graad 7 gedoen word, is dit geldig vir 'n aansoek wat binne die volgende 24 maande gedoen word. Die opvoedkundige assessering moet egter herhaal word.

Kognitiewe assessering wat in die hoërskool gedoen word, sal aanvaar word vir die duur van die leerder se skoolloopbaan. Die IEB Akkommoderings-paneel behou egter die reg voor om in individuele gevalle verdere toetse aan te vra indien nodig.

'n Volledige psigo-opvoedkundige verslag word vereis. Aangesien resultate ook deur ander persone as net die betrokke sielkundige besigtig kan word, moet die aangehegte Toestemmingsvorm D, deur die ouers/wettige voog ingesluit word.

Let asseblief op dat alhoewel aanbevelings deur die sielkundige gemaak word, dit die IEB se akkommoderingspaneel is wat die besluit rakende die leerder sal neem, gebaseer op al die inligting wat voorgelê is.

3.5.2 Opvoedkundige assessering

'n Opvoedkundige assesseringsverslag wat binne 6 maande van die aansoek voltooi is, moet voorgelê word.

- Voorsien asseblief die **gestandaardiseerde tellings** sowel as die ouderdomsekwivalente tellings.
- Lees-, spel-, dekodering- en skryfvaardighede moet geassesseer word. Sluit asseblief voorbeelde in van foute wat deur die leerder gemaak word.
- Die opvoedkundige toetsing mag deur 'n toepaslik gekwalifiseerde onderwyser uitgevoer word.
- Die akademiese en kognitiewe resultate moet in 'n geïntegreerde formaat aangebied word.

Die vereiste toetse mag deur addisionele toetse aangevul word, indien dit nodig blyk om 'n spesifieke probleem te help identifiseer. Die **toepaslike** toetse vir die **chronologiese** ouderdom van die leerder moet gebruik word.

Opvoedkundige assessering vereis:

(a) Lees

- Die Edinburgh Reading Test Stage 4 (Hodder and Stoughton)
Wanneer die Edinburgh-toets gebruik word, moet 'n nuwe kleur pen gebruik word as die leerder nie binne 45 minute klaargemaak het nie. Dan moet hy/sy toegelaat word om die toets te voltooi. Verkry die telling by 45 minute en weer by voltooiing en noteer die tyd wat geneem is. Doen verslag oor die 5 subtoets-tellings wat binne beide tye behaal is.
- 'n Gegradeerde Woord-Leestoets uit een van die volgende keuses:
 - BAS
 - WORD
 - WIAT
 - Nelson Graded Word
 - ESSI

- Toetsing van Nie-Woordlees uit:
 - PhAB (Phonological Assessment Battery – NFER Nelson)
 - Graded Non Word Reading Test (Thames Valley Test Company), ten spyte van die ouderdomsperk van die toetse.
 - WIAT
 - Toetsing van Woord-Leesvaardigheid (TOWRE) – (NFER-Nelson).
 - Woordkettings – (NFER-Nelson).
- (b) Die volgende vryskryfoefeninge moet by die aansoek ingesluit word:
- 20 minute informele skryfvoorbeeld onder tyddruk en gee die aantal woorde per minuut. Die onderwerp moet iets wees waaroor die leerder spontaan kan skryf sonder veel dinkwerk, bv. vakansie, familie, ens.
 - 20 minute formele skryfvoorbeeld, ook onder tyddruk en gee die aantal woorde per minuut. Hierdie onderwerp behoort aktiewe verwerking van kennis en ervaring te vereis terwyl idees skriftelik gekommunikeer word, bv. 'Die toekoms van Suid-Afrika'.
 - 10 minute kopieertaak – dit moet van 'n teks wees wat heelwat onder die leesouderdom van die leerder is.
 - As aansoek gedoen word vir die gebruik van 'n rekenaar, moet 'n addisionele drie skryfvoorbeelde (oor verskillende onderwerpe) getik word.
- (c) Spelling
- Kies een van die volgende toetse:
 - ESSI
 - Vernon Graded Word Spelling Test (Hodder and Stoughton)
 - BAS Spelling
 - WORD Spelling
 - WIAT Spelling

3.6 Mediese verslag

'n Mediese verslag van die betrokke mediese praktisyn moet verskaf word.

Hierdie verslag moet die volgende insluit: die datum van diagnose, diagnose, ingrypingstrategieë (huidig en voorheen), oorblywende uitdagings en die professionele aanbeveling. Vorm C mag gebruik word.

3.7 Ondersteunende historiese bewyse

Enige ondersteunende verslae soos arbeidsterapie, spraakterapie, remediërende programverslae, verslae oor enige mediese dokumente, behoort ingesluit te word om die akkommoderingsaansoek te ondersteun.

3.8 Onderwyser se kommentaar

Minstens drie relevante vakonderwysers se opmerkings behoort ingesluit te word by die aansoek. Dit moet onafhanklik van mekaar geskryf word. Die doel van hierdie opmerkings is om begrip vir die wyse waarop die leerder se probleme die werk in die klas en in assesserings beïnvloed, te verkry. Daarom moet onderwysers se verslae van vakke waar die leerder se probleme duidelik is, ingesluit word. (Gebruik asseblief Vorm E)

3.9 Skoolrapport

Die mees onlangse skoolrapport moet ook voorgelê word sowel as enige ander relevante en onlangse rapporte.

3.10 Skoolvoorbeelde

Voorbeelde van werk wat die oorweging van die akkommodering waarvoor aansoek gedoen word, kan ondersteun, moet ingesluit word. Byvoorbeeld, 'n handskrif-akkommoderingsaansoek sou die voorlegging van 'n voorbeeld van verslegtende handskrif onder tyddruk vereis; 'n tyd-akkommoderingsaansoek, sou voorbeelde van onvoltooide toetse vereis en 'n leesakkommodering sou toetse vereis wat begrip insluit.

3.11 Akkommoderingsaansoekvoorleggingsriglyne:

Aansoeke moet volgens die volgende riglyne voorgelê word:

3.11.1 Sagteblad-lêer: Al die dokumente moet in 'n sagteblad-lêer geplaas word – geen los blaaie, rekkies of skuifspelde nie. Plastiese sakkies en drukboogglêers moet nie gebruik word nie.

3.11.2 Die aparte afdelings wat vir die aansoek vereis word, moet deeglik as volg gemerk word: IEB Vorms, Psigo-opvoedkundige assesseringsverslae, Mediese verslae (indien van toepassing), Ondersteunende historiese bewyse, Skoolrapporte en Onderwyserskommentaar en voorbeelde van skoolwerk.

VORM A

Is dit die leerder se eerste aansoek om akkommodering?	JA	NEE
--	----	-----

Naam van sielkundige _____

Registrasienommer (waar toepaslik) _____

Datum van Assessering _____

Graad van applikant tydens assessering _____

AANSOEK VIR 'N AKKOMMODERING

Die skool moet hierdie aansoekvorm en die relevante aangehegte dokumente aan die IEB voorlê tussen Januarie van die Graad 8-jaar en 31 Oktober van die Graad 11-jaar.
Alle afdelings van hierdie dokument moet voltooi word.

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Naam van Leerder _____

Geboortedatum _____

Ouderdom van leerder
(tydens assessering) _____

Huistaal van leerder _____

Taal van onderrig _____

Huidige graad _____

Naam van skool _____

Naam van prinsipaal _____

Kontakpersoon _____

Telefoonnommer _____

Faksnommer _____

E-posadres _____

ALGEMENE INLIGTING

1. Kort kernagtige beskrywing van die leerstruikelblok.

2. Het die leerder enige spesifieke ondersteuning of bystand gedurende sy/haar skoolloopbaan ontvang (byvoorbeeld terapie of remediëring)? Lewer asseblief kommentaar.

3. Is interne akkommoderings deur die skool toegestaan? Merk asseblief.

 JA **NEE**

4. Indien JA, beskryf in besonderhede die interne akkommoderings wat toegestaan is, insluitend details van enige ekstra tyd.

7. Punte behaal in elke vak tydens die mees onlangse skooleksamen. Voltooi die tabel hieronder.

Vak	Punte (%)	Graadgemiddeld (%)

8. Dui die akkommodering(s) wat aangevra word aan:

Addisionele tyd

Amanuensis

Braille

Rekenaar

Vergrote druk

Handskrif

Medikasie/kosinname

Praktiese assistent

Voorsêer

Leser

Rusperiodes

Skrywer

Aparte lokaal

Spesifieke toerusting

Spelling

Ander

Neem asseblief kennis dat die finale besluit deur die IEB geneem word, gegrond op al die data wat voorgelê is.

VORM B**KONTROLELYS**

Maak asseblief seker dat alle inligting verskaf is voor indiening en organiseer die dokumente volgens die lys hieronder.

Afdeling 1 IEB Vorms

Vorm A Vorm B Vorm D

Afdeling 2 Psigo-opvoedkundige assessering*Kognitiewe assessering*

Opsommingsblad vir kognitiewe tellings

Alle gegradeerde tellings

Opvoedkundige assessering: (sluit alle gegradeerde tellings in)

Edinburgh

Gegradeerde woord-leestoets

Nie-woordlees toets

TOWRE

Woordkettings

Skryfspood: alle voorbeelde en presiese woordtelling

Getikte voorbeelde as aansoek gedoen word vir rekenaargebruik: alle voorbeelde en presiese woordtelling

Spelling

Afdeling 3 Mediese bewyse

Onlangse doktersverslae of Vorm C

Afdeling 4: Ondersteunende historiese bewyse

Vorige verslae van arbeidsterapeute, spraakterapeute, remediërende terapeute, spesialiste en sielkundige verslae

Afdeling 5: Onderwyser se opmerkings **Afdeling 6: Skoolrapport** **Afdeling 7: Voorbeelde van skoolwerk**

Handtekening van persoon verantwoordelik vir akkommoderingsaansoek: _____

Prinsipaal se verklaring:

Ek dien hierdie aansoek in vir 'n akkommodering en het gekontroleer dat alle details korrek en volledig is.

Naam: _____

Geteken: _____

Datum: _____

VORM C



**MEDIESE VERSLAG OM AANSOEK VIR AKKOMMODERING
BY IEB TE ONDERSTEUN**

IN EKSAMEN VIR _____

Diagnoserende spesialis: _____ Praktyknommer: _____

Spesialisasie: _____

Hierdie verslag is 'n vertroulike dokument. Inhoud sal slegs gebruik word om die akkommoderingspaneel te help om aan die leerder die beste akkommodering toe te staan om hom/haar te ondersteun in die eksamens.

Diagnose: _____

Huidige ingrypingstrategieë:

Beskryf asseblief die oorblywende probleme, wat duidelik is ten spyte van ingrypingstrategieë en waarskynlik 'n impak sal hê op eksamens.

U professionele aanbevelings word waardeur. Beskryf asseblief wat u meen hierdie leerder die beste sal help om optimaal te presteer in ekamensituasies. Sien lys van akkommoderings op volgende bladsy.

Geteken: _____ Datum: _____

Lys van akkommoderings vir gebruik deur mediese praktisyn vir invul van Vorm C:

1. Addisionele tyd
2. Amanuensis
3. Braille
4. Rekenaar
5. Vergrote druk
6. Handskrif
7. Medikasie/kosinname
8. Praktiese assistent
9. Voorsêer
10. Leser
11. Rusperiodes
12. Skrywer
13. Aparte lokaal
14. Spesifieke toerusting
15. Spelling
16. Ander

VORM D**OUER/VOOG TOESTEMMINGSVORM EN BEWYS VAN ERKENNING**

Ek, _____ die ouer/wettige voog van _____ gee hiermee toestemming dat die aangehegte psigo-opvoedkundige verslag en al die historiese ondersteunende bewyse gestuur word aan die IEB se Akkommoderingspaneel.

Die Akkommoderingspaneel onderneem om hierdie inligting te respekteer en as vertroulik te hanteer.

Ek verstaan dat enige interne akkommoderings wat deur die skool aan die leerder toegestaan is nie 'n waarborg is dat die IEB dieselfde of enige akkommodering sal toestaan nie.

Geteken: _____

Datum: _____

VORM E



**ONDERWYSEROPMERKINGSVORM VIR
AKKOMMODERINGSAAANSOEK**

Naam van leerder: _____ **Graad:** _____

Akkommoderings waarvoor aansoek gedoen word: _____

Onderwyser: _____ **Vak:** _____

KRITERIA	OPMERKINGS
Gedrag	
Werksetiek	
Vergelyking tussen prestasie in klaswerk en toetse/eksamens	
Spesifieke waarnemings ten opsigte van bemeestering van inhoud, konsepte en vaardighede in vak	
Motivering vir die akkomoderings waarvoor aansoek gedoen word	

Handtekening: _____

Datum: _____